

A 4.2 TAAKSPAN VIR LEER- EN AKTUELE SAKE (ATLAS)

1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Andries Kritzinger (Goudland)
Chris du Raan (Oos-Kaapland)
Danie Malan (Hoëveld)
Dawie Oosthuizen (Kwazulu-Natal)
Fanie Cronjé (Noordelike Sinode)
Gert Duursema (Noord-Kaap)
Heerden van Niekerk (Wes-Kaapland – Voorsitter)
Jan Woest (Namibië)
Pieter van Heerden (Vrystaat)
Oostelike Sinode vakant
Gustav Claassen - AS Algemene Sekretaris
Pieter van der Walt (Skriba)

2. VERGADERINGS

ATLAS het telefonies vergader op 6 Junie 2017 om die aanpak van opdragte te bespreek. ATLAS het ook eMseni Konferensiesentrum vergader op 3-4 Mei 2018 en 13-15 Maart 2019. Die 2018-vergadering is voorafgegaan deur 'n konferensie oor gereformeerde etiek. Die doel van die konferensie was 'n teologiese besinning oor gereformeerde etiese onderskeiding en nadenke oor die praktiese implikasies hiervan vir ATLAS se werk. Jonger teoloë is genooi om deel te neem aan hierdie gesprek en om hulle waarnemings met ATLAS te deel. Die deelnemers was Janet Cruywagen, Martin Laubscher, Marius Louw, Nadia Marais, Henco vd Westhuizen en Fralene van Zyl.

3. GEREFORMEERDE ETIESE ONDERSKEIDING

ATLAS het die afgelope paar jaar in diepte gesprek gevoer oor die aard en proses van gereformeerde etiese onderskeiding. Die rede hiervoor is 'n vasgelooptheid met 'n werkswyse waarvolgens 'n klein groep mense 'n verslag met aanbevelings oor komplekse sake skryf en 'n vergadering dan daaroor debatteer en stem.

Tydens die 2018 vergadering het ATLAS die uitdaging geformuleer om 'n goeie proses vir etiese besluitneming te ontwikkel. So 'n proses veronderstel egte gesprek in plaas van om bloot te sê wat ons self reeds dink. Dit veronderstel ook dat ons in die gesprek eerlik probeer verstaan wat die verskeidenheid van motiverings, beredenerings en perspektiewe is. Met so 'n benadering wil ons 'n sinvolle en effektiewe raamwerk ontwikkel waarbinne ons kan beweeg tot geldige en aanneemlike uitkomst. Ons sal moet besin oor die vraag hoe ons 'n ruimte skep vir luister en gesprekvoering, vir heen-en-weer terugvoer waarin elkeen sy of haar siening onbevange mag stel, en elkeen se standpunt inderdaad sy of haar standpunt is en nie my weergawe daarvan nie. Binne hierdie ruimte is die oogmerk 'n geloofwaardige lees van die Bybel - nie die enigste of dié korrekte nie, maar een wat getuig van aanneemlikheid, egtheid en integriteit. Ons streef uiteindelik in 'n konsensus-soekende proses nie na kompromie nie, maar na geldigheid.

In kort: Eerder as om standpunte te formuleer, word getuig oor perspektiewe; Eerder as om besluite te neem, word oortuigings geformuleer; Eerder as om te veg vir eie standpunte, word voorveronderstellings op die tafel geplaas; Eerder as om op ewels te reageer, word Jesus gevolg; Eerder as om vir elke situasie 'n antwoord te gee, gaan sit ons met elke mens in 'n pastorale ruimte; Eerder as om geleerde antwoorde in 'n ontologiese denkraamwerk "van bo af" te bied, help ons die gewone leser om in 'n dinamiese proses en konkrete situasie self ook te kan onderskei.

Indien die vraag nie is "Wat is waarheid?" nie, maar "Wie is waarheid?" en "Vir wie is die waarheid?", is ATLAS se rol om die kerk te bemagtig om self binne die verhoudings waarin hulle staan, te praat en te besluit. Ons moet dus eerder sinodes in nederigheid bedien met gereedskap vir onderskeiding waarmee gemeentes self kan werk.

ATLAS het hierdie gedagtes met die ASM gedeel op 11 September 2018. Die aanbieding het onderstreep dat eenvoudige, finale etiese posisies nie deurlopend houdbaar is nie. Die bekende

teoloog, Emil Brunner, het byvoorbeeld in die veranderde konteks van die oorlog bedenkinge ontwikkel oor sy vroeë etiese posisie wat betref die rol van die owerheid. Dit is eie aan die aard van gereformeerde etiek om voortdurend vrae oor die eie aard en inhoud daarvan te vra. Ons etiese gesprek is altyd voorlopig, verkennend en ontwikkelend. Dit behoort wel indringend en omvattend te gebeur rondom vrae oor Wie die lewende God, wat ons in die prente en verhale van die Skrif leer ken, vir ons is; hoe God teenwoordig is in die saak; wie die mens is oor wie dit hier gaan; wat die Gees se werking hier sou wees. Ander stemme behoort ook ter sprake gebring te word, soos die lang pad van besinning in die tradisie; die gesprek in ander kerke en die ekumene; die insette van mense wat konkreet betrokke is by die sake waarvoor dit gaan; en die spesifieke kontekste waarbinne gebeure plaasvind. Uiteindelik behoort elke deelnemer aan die etiese gesprek se eie diepste veronderstellings en motiewe in die saak na vore gebring te word. Etiese besinning geskied immers altyd vanuit konkrete menslike lewe en werklikheid en is gerig op begeleiding van mense voor God se aangesig. Hieruit blyk reeds duidelik dat etiese besinning in die kerk verskil van 'n parlementêre debat.

Die ASM het hierdie voorlegging krities tydens tafelbesprekings beoordeel. Die voorlegging is goed ontvang. Daar was waardering vir die poging om hulp aan die kerk te gee om self eties te besin, terwyl kompleksiteit vasgehou word en nie dadelik gesprink word na eenvoudige antwoorde nie. Ons kry nie vrede deur komplekse kwessies in duidelike, klein blokkies te pak nie. 'n Paar dinge is helder beklemtoon. (i) Ons neem die Bybel as God se Woord ernstig in ons etiese besinning; (ii) Ons moet ruimte en veiligheid skep om mét mense wat geraak word in spesifieke situasies te praat, in plaas van bloot oor sake; (iii) Ons moet meganismes ontwikkel om ons voorveronderstellings dapper op die tafel te kan plaas. Ons het daarvan bewus geword dat ons ook hierdie gesprek oor die ontwikkeling van 'n proses vir etiese gespreksvoering nie te vinnig moet probeer klaarmaak nie. Daar is verskillende hermeneutiese sleutels of vertrekpunte in die kerk. As ons hierdie verskille nie hanteer kry nie, gaan ons elke keer in ons etiese gesprekke by die verskille begin en daar vashaak.

Die saak is by die 2019 ATLAS-vergadering weer bespreek. ATLAS is oortuig dat indien ons as 'n taakspan die waarheid vas probeer neerlê vir mense, ons hulle nie help nie. Ons moet hulle eerder help om te groei in die vaardigheid om met die waarheid om te gaan, en om eties om te gaan met baie belangrike vraagstukke van die lewe.

Tydens die sinodesitting sal ons 'n **konsep raamwerk vir etiese onderskeiding in gemeentes** voorlê en vra dat die sinode dit bespreek en terugvoer gee. Op grond van die sinode se terugvoer beplan ons om die konsep aan te pas en aan al die sinodes te stuur vir hulle toetsing en kommentaar.

4. GROND

Die ASM het in September 2018 vir ATLAS en die kerntaakspan vir grondhervorming versoek om: (1) *'n Teologiese besinning oor grond op te stel en, voortvloeiend daaruit, toegespitste bevatlike produkte te ontwikkel met die oog op die bemagtiging van lidmate om die teologie oor grond praktiese gestalte te gee.* (2) *Die volgende spesifieke sake, na aanleiding van die voorlegging van mnr. Christo van der Rheede (AgriSA) aan die ASM, verdien besondere aandag:*

(2a) Die rol wat die lidmate - individueel en in netwerke - in bepaalde gemeenskappe kan speel, om gesprekke oor grondhervorming te fasiliteer en daaraan deel te neem; (2b) Die bemagtiging van plaaswerkers om deur middel van grondbesit, verskeie vorme van aandeelhouding en verwante sosio-maatskaplike ontwikkeling (bv. Vroeë Kindontwikkeling, behuising, onderwys, voedingsprojekte, ens.) welvaart te bou; (2c) Die ondersteuning deur kundige lidmate aan opkomende kommersiële boere. (3) *Bogenoemde punte toe te lig aan die hand van hoopgewende verhale waar boere en lidmate in ander sektore deur middel van praktiese stappe, individueel en in netwerke, op hierdie terreine 'n verskil in lewens en gemeenskappe gemaak het.* (4) *In die uitvoering van die opdrag met belangrike rolspelers, byvoorbeeld AgriSA en ander, gesprek te voer om 'n duidelike uitklaring van die kerk se spesifieke rol vir bydrae in gesamentlike projekte met hierdie rolspelers te kry.*

Tydens 'n telefoonvergadering op 18 Februarie 2019 het lede van ATLAS en die kerntaakspan vir grondhervorming (Gustav Claassen, Bully Bothma, Heerden van Niekerk, File van Zyl, Willem Pretorius, Pieter van der Walt) die volgende besluite geneem:

Eerstens: Die NG Kerk se voorlegging van 14 Junie 2018 oor grond en grondhervorming word in Afrikaans vertaal en gesirkuleer. Hierdie voorlegging bevat kommentaar op die kwessie van

onteiening sonder vergoeding en is opgestel op 'n algemene uitnodiging van pres Ramaphosa. Dit is deur die ASM goedgekeur as die NG Kerk se amptelike kommentaar op die moontlike verandering van die grondwet. Die voorlegging bevat 'n samevatting van die besluite van die sinode oor grond sedert 1997.

Tweedens: 'n Gespreksgids oor grond word ontwikkel om vir predikante en gemeentes by die algemene sinode op die tafel te sit. Die doel is om boere by te staan in 'n moeilike tyd. Dit word toegelig met praktiese Suider-Afrikaanse voorbeelde/stories wat bemoedig en aanmoedig. Die publieke kante van die teologie word nie hiervan geskei nie, en kom ook ter sprake. Die gespreksgids word ontwikkel aan die hand van die volgende temas: (1) Bybelse standpunte rondom grond; (2) Droogte; (3) Hulp aan boere wat swaarkry as gevolg van die droogte; (4) Volhoubare boerdery; (5) Hoe hanteer ek die mense vir wie ek verantwoordelikheid is?

5. OPDRAG OOR ABORSIE

Die Algemene Sinode het in 2011 aan ATLAS die volgende opdrag gegee: "In die lig van die toenemende aantal tienerswangerskappe en groot getal aborsies wat jaarliks in SA plaasvind, gee die AS opdrag aan ATLAS om 'n ondersoek te doen oor die hele aangeleentheid."

ATLAS het in 2015 by die sinode gerapporteer dat die aangeleentheid van aborsie in SA 'n uiters belangrike en sensitiewe saak is wat in die lig van die jongste ontwikkelinge soos onder meer die aanvaarding en toepassing van die jongste wette daarvoor indringende en omvattende aandag van die kerk vra. ATLAS het ook genoem dat 33 jaar verloop het sedert die 1982-standpuntname. Die praktyke waarna in die opdrag verwys word, die nuwe wetgewing in SA en die voortgaande etiese gesprek aangaande aborsie het verskeie wendinge en ontwikkelinge ondergaan wat dit vir die kerk belangrik maak om opnuut te besin. ATLAS het 'n kleiner taakspan uit hulle geleedere aangewys om die ondersoek oor die aangeleentheid te doen en gerapporteer dat daar steeds gewerk word.

Die volgende aanbeveling is in 2015 goedgekeur (A.12 bl 254 pt 4.3.3.): "Tot tyd en wyl hierdie saak voor die volgende Algemene Sinode dien, beveel ATLAS aan dat die Algemene Sinode die beginselstandpunt van 1982 herbevestig en aan gemeentes kommunikeer om in die lig daarvan gemeentelede in te lig en te begelei."

Die NG Kerk se 1982-beginselstandpunt m.b.t. tot aborsie lui soos volg: *"Die Sinode bevind in die lig van die Skrifgegewens en die stand van wetenskaplike gegewens, dat aborsie ontoelaatbaar is. In die hoogs uitsonderlike gevalle van volkome onafwendbaarheid, bly dit nog steeds 'n saak wat nie volgens God se geopenbaarde wil is nie en daarom slegs met diepe worsteling, skuldbelydenis, pyn en onder felle protes aanvaar kan word."*

In ATLAS se navorsing oor die gesprek rondom aborsie het ons onder die indruk gekom van verskillende ervarings, benaderings en gesigspunte onder gelowiges. In die jongste tyd het daar veel gebeur in Bybelnavorsing, mediese navorsing, die vakgebied van etiek, sosio-ekonomiese navorsing en die grondwetlike bestel in SA en Namibië. Daar is in verskillende sinodale gebiede indringende en inklusiewe gesprekke oor hierdie saak gevoer. Ons meen dat verdere besinning noodsaaklik is. Ons oordeel dat dit nie raadsaam is om by hierdie sinodesitting 'n nuwe formulering vir besluitneming voor te lê nie.

In ons bespreking van verskeie insette het ons onder die indruk gekom van drie dinge waaroor ons binne ATLAS saamstem: (1) Ons is ernstig oor die gesag van die Skrif; (2) Ons aanvaar dat God die gewer van alle lewe is en dat God dit baie kosbaar ag; (3) Ons erken dat 'n verskeidenheid van stemme gehoor moet word in die gesprek (stemme vanuit die Skrif en tradisie, die ekumene, die mediese wetenskap, die regsweese en van mense wat direk geraak word).

5.1. AANBEVELING - OPDRAG OOR ABORSIE:

Die sinode versoek ATLAS om binne die volgende raamwerk navorsing te doen oor etiese kwessies rondom aborsie:

5.1.1. Maak insette bymekaar van Bybelse en sistematiese teoloë; werk wat tans gedoen word rondom reprodutiewe gesondheid; navorsing wat reeds deur ATLAS-lede gedoen is; insette van medici en regsgeleerdes; insette van lidmate wat hierdeur geraak is.

5.1.2. Sien toe dat hierdie proses inklusief en deelnemend is.

5.1.3. Verwerk die insette tot 'n hanteerbare bundel vir gesprekvoering.

5.1.4. Sirkuleer die bundel vir gesprekvoering na die verskillende sinodes se taakspanne vir leer- en aktuele sake vir gesprekvoering en kommentaar.

6. TRINITARIESE TEOLOGIE

In Augustus 2016 het lede van die missionale taakspan en ATLAS op Stellenbosch 'n diepgaande gesprek gevoer oor die verband tussen trinitariese teologie en missionale ekklesiologie. Die doel van hierdie ontmoeting was om gemeenskaplike grond te vind m.b.t. die teologiese uitgangspunte vir die NG Kerk missionale beleid. Lourens Bosman van die missionale taakspan het sedertdien weer versoek dat ATLAS help om in hierdie verband aanneemlike teologiese lyne te trek waarmee die taakspan kan werk. Die resultaat van hierdie werk, wat verskeie ontmoetings en gesprekke insluit, is te vind in die verslag van die missionale taakspan.

7. LESERSVRIENDELIKE VERTALING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE

Die Algemene Sinode van 2015 het na aanleiding van 'n bekrywingspunt van Rocco Hough die behoefte erken aan 'n eenvoudiger vertaling van die belydenisskrifte in hedendaagse Afrikaans en ATLAS versoek om met Rocco Hough op 'n proses van gesprek en beoordeling ooreen te kom. Die Algemene Sinode het versoek dat ATLAS hieroor terugvoer gee.

ATLAS het Rocco Hough na hul vergadering in 2018 genooi en deeglike gesprek gevoer. Rocco Hough het intussen gewerk aan 'n eie herformulering van die Belydenisskrifte en het ook foute gekorrigeer. ATLAS het waardering uitgespreek vir die poging, maar bevestig dat 'n eietydse vertaling van ons belydenisskrifte by die oorspronklike teks moet hou en gedoen moet word uit die brontale, met die hulp van ontvanger-taal-kenners en ontvanger-taal-gebruikers, dit wil sê in 'n proses soortgelyk aan Bybelvertaling. 'n Hedendaagse herformulering, soos dié van Rocco Hough, het die waarde dat dit leesbaarheid bevorder. Die kerk hoef nie vir so 'n herformulering toestemming te gee nie - daar bestaan, trouens, ander soortgelyke herformulerings.

ATLAS het die herformulering van Rocco Hough by twee geleenthede behandel. Drie ATLAS-lede het die drie belydenisskrifte onderskeidelik deurgegaan en daarvoor gerapporteer. ATLAS het geoordeel dat dit 'n parafrase is. Ons het aan Rocco Hough persoonlik oorgedra dat ATLAS nie sy weg oopsien om hierdie vertaling onder ATLAS se naam as amptelike vertaling te publiseer of op die sinode se webwerf te plaas nie. Indien Rocco Hough besluit om dit wel te publiseer - wat wel moontlik is - is dit dus onder sy eie naam.

8. BESKRYWINGSPUNT I.V.M. DIE APOSTOLICUM

'n Beskrywingspunt is van Ds. J.v.W. du Plessis via die Goudland Sinode ontvang onder die opskrif: "Regstellings in Apostoliese Geloofsbelydenis". *Die Algemene Sinode wysig die Belydenis soos volg:*
Artikel 4. "Ek glo in Jesus Christus, wat gekruisig is en neergedaal het na die hel, en gesterwe het en begrawe is en op die derde dag uit die dood opgestaan het, ens." **Artikel 11.** Die Artikel lui soos volg "Ek glo in die opstanding van die vlees." Dit moet lees "die opstanding van die liggaam." **Motivering Artikel 4:** Die twee belangrikste dokumente in die Christelike Kerk is die Bybel, (die Woord van God) en die Geloofsbelydenis (Credo). Dit is uiters noodsaaklik dat die Geloofsbelydenis in alle opsigte moet ooreenstem met die Woord van God. Die Apostoliese Geloofsbelydenis is in 200 NC in Milaan opgestel deur die destydse Christelike Kerk in Italië met die hoofsetel in Rome. Hierdie Geloofsbelydenis is deur baie Kerkgenootskappe aanvaar en is vandag nog wêreldwyd in gebruik ook in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hierdie artikel sê Jesus het ter helle neergedaal nadat Hy begrawe is, terwyl die Bybel sê Jesus het Aan die Kruis uitgeroep "my God, my God waarom het U My verlaat?" (Mat. 27:46 en Markus 15:34) Dit was die oomblik toe Jesus die helse smarte verduur het om sondaars met God te versoen (Jesaja 53:5 en 2 Kor. 5:21) Die korrekte teks sou wees: "Ek glo in Jesus Christus, wat gekruisig is en neergedaal het na die hel en gesterwe het en begrawe is en op die derde dag uit die dood opgestaan het, ens." **Motivering Artikel 11:** "Ek glo in die opstanding van die Vlees". Paulus sê in 1 Kor. 15: 50 "Vlees en bloed kan nie aan die Koninkryk van God deel kry nie." Hy beklemtoon dit herhaaldelik in 1 Kor. 15 dat die 'n Geestelike Liggaam is wat op die laaste dag sal opstaan. Dit is reeds so gestel in die amptelike Liedboek van die NG Kerk in Lied no. 259.

Wat **Artikel 11** betref, lui die versoek dat “Ek glo in (sic) die opstanding van die *vlees*” gewysig moet word om te lui “die opstanding van die *liggaam*.” “Liggaam” en “vlees” is wissel terme en die een kan netsowel as die ander gebruik word. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het reeds artikel 11 dienooreenkomstig gewysig. Die versoek om “vlees” te vervang met “liggaam” vra nie dat aan die Apostolicum inhoudelik verander moet word nie. Dit gaan bloot om ’n ander vertaling van die artikel.

Wat **Artikel 4** betref, is ’n langer verduideliking nodig. ATLAS meen die opeenvolgende vier werkwoorde van die vierde artikel van die Apostoliese Geloofsbelydenis “gekruisig is, gesterf het, begrawe is en ter helle neergedaal het” verwoord die diepgang van die lyding van die Here Jesus Christus. Die historiese feite van die lewenseinde van die Mens Jesus Christus, word hiermee in sober taal en sonder omhaal van woorde uitgespel. Daarmee word enersyds die volledige mensheid van Christus bely en andersyds die diepte van die lyding wat dié menswording van die Seun van God vir Hom meegebring het. Hierdie vier gebeurtenisse is die hart van die belydenis aangaande Christus.

Teoloë uit verskillende tradisies verskil aansienlik van mekaar oor die betekenis van “ter helle neergedaal” (*descendit ad inferos*). Ons noem enkele voorbeelde: *Eerstens*: ’n Lokale neerdaling van Christus na die hel. Só verstaan veral teoloë van die Rooms-Katolieke Kerk dit. Dit kom daarop neer dat Christus na Sy dood neergedaal het na die doderyk/onderwêreld om daar gelowiges wat vóór Sy koms gesterf het, te bevry. Só verstaan, beteken dit dat dit inderwaarheid reeds die begin van die verhoging van Christus is en nie deel van sy vernedering nie. *Tweedens*: Onder Lutherse teoloë word dikwels mening gehuldig maar met dié verskil dat dit steeds deel was van die vernedering van Christus. *Derdens*: Gereformeerdes verkies gewoonlik Calvyn se uitgangspunt dat die neerdaling ter helle nie as ’n lokale neerdaling verstaan moet word asof Christus na ’n plek, die hel, neergedaal het nie, maar wel geestelik: om die diepte van die vloek waaronder Hy gely het, te verwoord. Dit gaan om helse smarte wat Hy aan die kruis beleef het toe Hy van God verlate was (Matt. 27:46). *Vierdens*: Ter helle neergedaal beteken neergedaal na die doderyk. Dit beteken dus niks anders nie as net die blote feit dat Christus werklik dood was. Die sterkste argument ten gunste van hierdie laaste siening is die feit dat dit in die Twaalf Artikels voorkom ná die belydenis van die begraving van Christus.

’n Mens behoort nie enigsins oor “ter helle neergedaal” te praat, indien daar nie vooraf behoorlik nagegaan is hoe gedink was oor die dood en die doderyk nie. Die Latynse *inferos* van die belydenis wat ons met “hel” vertaal, is onder meer ook die Latynse vertaling van die Hebreeuse woord *שְׁאוֹל* she’ól. In die Ou-Testamentiese tyd het dié woord verwys na daardie ruimte waar die dooies is, met die hemel as die ruimte vir God/gode en die aarde die ruimte van mense diere en plante. In die Ou-Testamentiese tyd het *שְׁאוֹל* she’ól nie in alle gevalle ’n negatiewe konnotasie gehad nie (vgl. bv. Gen. 37:35 en Num. 16:30) en nog minder die gedagte aan straf ingesluit. In die (Latynse) Vulgaat kom *inferos* ten minste 75 keer voor (bv. Gen. 42:38; 44:29, 31; 1 Kon. 2:6; Job 7:9, 24:19; Spr. 5:5; Pred. 9:3, 10; Jes. 14:11, 57:9 en Eseg. 31:15). In die Ou Afrikaanse Vertaling (OAV) word dit deurgaans met “doderyk” vertaal. Dit word dikwels in die Psalms gebruik (bv. Ps. 6:6, 9:18, 16:10, 18:6, 30:4, 31:18, 49:15, 16, 55:16, 86:13, 88:4, 89:49, 139:8, 141:7). Veral Ps. 116:3 (OAV) is veelseggend: “Bande van die dood het my omring, en angste van die *doderyk* het my getref; ek het benoudheid en kommer gevind.” In die Nuwe Testament word *inferos* gebruik om op 11 plekke die Griekse woord Hades (*ᾍδης*) te vertaal. Ook dié woord word deurgaans in die OAV met doderyk vertaal (vgl. Matt. 11:23, 16:18; Luk. 10:15, 16:23; Hand. 2:27, 31; 1 Kor. 15:55; Openb. 1:18, 6:8 en 20:13, 14). Hades is waarskynlik die Griekse vertaling vir die Hebreeuse she’ól.

Prof. Danie du Toit toon in sy proefskrif, *Neergedaal ter helle. Uit die geskiedenis van ’n interpretasieprobleem* (1971) aan dat reeds vóór die Nuwe-Testamentiese tydvak onderskei word tussen Hades as oord vir gelowige gestorwenes, en Gehenna, ’n oord vir ongelowiges. Gehenna het met die verloop van die tyd via die neutrale Middeleeuse Engelse “hell” en Duitse “Hölle” ons begrip “hel” geword. Die Vulgaat gebruik *inferos* alleen vir Hades en nie vir Gehenna nie (205). Hy toon voorts aan dat “... dood en doderyk gesien word as die gevreesde mag, die onbekende en “unheimliche” ... [en] staan dit teenoor die hemel as die diepste of vërste punt, dikwels vaag en onbepaald, maar tog altyd as ’n skrikwekkende harde realiteit wat die lewe in sy volheid bedreig, dit is, lewe as ’n bestaan op aarde in teenwoordigheid van familie en vriende, ’n lewe in oorvloed, lig, vreugde, sekerheid, gesondheid, vryheid ... [dit] is die ander uiterste, of presies die teenoorgestelde, van die hemel. Is Jahwe in sy volheid in die hemel, dan staan die doderyk in die teken van die volledige afwesigheid van Jahwe, die volkome Godverlate oord.” (203)

Kortliks: uit bogenoemde word dit duidelik dat met “ter helle neergedaal” bedoel word dat Christus gesterf het en na die doderyk gegaan het. Só verstaan gaan dit inderdaad by die “ter helle neergedaal” om die allerdiepste diepte van die lyding van Christus, ’n lyding waarvan die omvang en

die erns vir die mens se oë verborge was. Dan maak dit ook volledig sin dat die Apostolicum die formulering en volgorde “gekruisig is, gesterf het, begrawe is en ter helle neergedaal het”, gebruik. In die Nuwe Testament word op ’n onbevange wyse gepraat van oorwinning oor die dood én die doderyk. In Openb. 1:18 sê Christus dat Hy “die sleutels van die doderyk en van dood” het en Paulus jubel in 1 Kor. 15:55 “Dood, waar is jou engel? Doderyk, waar is jou oorwinning?” (OAV).

8.1. AANBEVELING - BESKRYWINGSPUNT I.V.M. DIE APOSTOLICUM

In die lig daarvan dat die Apostolicum ’n historiese en ekumeniese belydenis is, en ons dit, hoewel ons dit mag interpreteer, nie eensydig kan verander nie, besluit die Algemene Sinode

8.1.1. om nie artikel 4 van die Apostolicum te wysig nie;

8.1.2. om die Afrikaanse vertaling van artikel 11 van die Apostolicum te wysig om voortaan te lui “die opstanding van die liggaam”.

9. SKRYWE VAN DS MARCELLE VOSLOO OOR DIE DOOP

’n Skrywe is van Ds Marcelle Vosloo ontvang met die opskrif: “’n Oproep vir die herbestudering van die doop.” Ds Vosloo meen die NG Kerk het voorheen die verbondsdoop goed bestudeer, maar nie die belydenisdoop nie.

Die skrywe van ds Vosloo is nie in die formaat van ’n gravamen nie omdat dit nie vir enige wysiging van ons belydenisskrifte t.o.v. die doop vra nie (NGB art 34 en HK So 26 en 27). Dit vra ook nie vir die wysiging van die gereformeerde doopbeskouing t.o.v. verbonds- of bekeringsdoop nie. (Die kerkorde definieer ’n gravamen as ’n skrywe wat “... gebruik [word] om op die Algemene Sinode ’n ernstige beroep te maak om ’n beslissing in sake die leer van die Kerk.”)

Die skrywe van ds Vosloo versoek ’n studie oor die belydenisdoop. Behoorlike studies oor die doop is reeds deur ATLAS gedoen en aan die sinode gerapporteer (sien die notules van AS 2011 en 2013). ATLAS het dus reeds uitvoering aan ds Vosloo se pleit gegee.

ATLAS het tog geoordeel dat dit nodig is om, in die lig van die aktualiteit van die gesprek oor die doop in die kerk, indringend hieroor gesprek te voer. Dit is nodig om die saak met pastorale sensitiwiteit te hanteer, asook op só ’n wyse dat gemeentelidiers gehelp word om eenvoudig en duidelik met hulle gemeentes te praat oor vrae rondom die doop. Die verband tussen genade, verlossing en geloof moet opnuut helder verwoord word.

Die NG Kerk doop kinders omdat ons ’n verbondsbeskouing het, wat gedra word deur die oorwinning van die genade. Waar mense tot geloof kom, byvoorbeeld in ’n sendingsituasie, word hulle wel as volwassenes gedoopt (belydenisdoop).

ATLAS wil hierdie skrywe in liefde ontvang. Dit is egter nie moontlik om op elke punt kommentaar te lewer nie. Oorhoofs kan daarop gewys word dat die opsteller werk met die uitgangspunte van heilsindividualisme en ’n funksionalistiese sakramentsbeskouing. Hy kom tot sy standpunt deur eklektiese, onwetenskaplike aanhalings uit teologiese werke.

Verder is dit nie duidelik hoe beweer kan word dat ’n studie oor die een doopbeskouing gemaak kan word sonder dat die ander ook te berde gebring word nie. Die feite is dat die algemene sinode dikwels in die verlede en so onlangs as by beide sittings van 2011 en 2013 weer lank, indringend en volledig op dié kwessies ingegaan het. In 2011 is weereens besin oor die doop, óók oor die sg. belydenisdoop, herdoop en doopviering (doopherinnering en doopherdenking). By die sitting van 2013 het ’n studiestuk van ATLAS gedien waarin die samehang van die sakramente binne verbondsteologiese perspektief onder die loep geneem is.

Ds. Vosloo verwys na “die wanindruk by sommige” dat die NG Kerk nou reeds “hoeveel keer na die doop gekyk het”. Hy beweer dat dit nie waar is nie. “Hoog gerespekteerde gereformeerde teoloë” sowel as die NG Kerk het na sy mening nog nie volledig en op ’n wetenskaplik verantwoorde wyse al die tekste en argumente deeglik oorweeg nie.

Vosloo bespreek die ou stelling: “’n Persoonlike Geloofskeuse vir Christus gaan die Doop vooraf”. Hy bespreek die volgende tekste: Matt. 28:19; Hand. 2:38; Hand. 8:12; Hand. 16:30b, 31, 33b; Gal. 3:27; Kol. 2:11, 12; Rom. 4 en Gal. 3 (Abraham se voorbeeld).

Die argument oor Abraham in Rom. 4 en Gal. 3 is belangrik en relevant vir hierdie gesprek. Vosloo wys daarop dat Abraham eers gegeloof het, en daarna besny is. Dit is vir hom die bewys dat geloof die sakrament voorafgaan. Dieselfde is waar wanneer heidene hulle van hulle afgode bekeer as hulle die Goeie Nuus hoor, tot geloof kom en daarna gedoop word. Die punt is dat hierdie argument oor Abraham tegelyk ook die groot genade van God wat uitbrei oor alle geslagte bewys, want God se belofte is nie net vir een individu, Abraham nie, maar vir hom en sy kinders en hulle kinders, want Abraham sal die vader van baie wees.

Abraham besny sy seun Ismael as hy 11 jaar oud is en sy seuntjie Isak as hy 8 dae oud is. Wat kon hulle verstaan? Hoe kon Isak reageer of self keuses maak, as hy nog nie eers “ja” of “nee” kon sê nie? Sou God 'n onsinnige belofte aan sy kinders vir 2000 jaar gemaak het? Sou die besnydenis sonder waarde wees? Sou hierdie God van genade wat kinders weergaloos liefhet, in die Nuwe Verbond kinders uitsluit – tot hulle groot genoeg is om self te besluit? Hierdie soort teologie is humanisties, want dit plaas nie die fokus op God en sy genade nie, maar op die mens.

Dit is nie moontlik – en ook nie nodig nie – om op elke teks en die bespreking daarvan deur ds. Vosloo in te gaan nie. ATLAS volstaan met 'n enkele voorbeeld, te wete, Matt. Sy *modus operandi* is om – sonder om sy eie standpunt te stel en te beredeneer – direk daartoe oor te gaan om “kenners” se opinies weer te gee (as 'n soort *auctoritas patrum?*) wat sy standpunt steun – hoewel hy nêrens sy standpunt in sy eie woorde weergee nie.

Heel eerste haal hy William Hendriksen uit lg. se kommentaar op Matt. 28:19 aan: “*The context makes very clear that Jesus is here speaking about those who are old enough to be considered the objects of preaching. He is not here speaking about infants. To be ready for baptism requires repentance (Acts 2:38, 41). It requires ‘receiving the word’ (Acts 2:41). This also shows that a certain amount of teaching must precede being baptized.*” (The Gospel of Matthew; 1973; p1000).” Dit wek die indruk dat Hendriksen 'n teenstander van die kinderdoop en voorstander van die “belydenisdoop” is. Dit is 'n valse indruk wat geskep word. Hendriksen is inderwaarheid 'n uitgesproke voorstander van die kinderdoop en die gereformeerde verbondsleer. Dit blyk duidelik uit dieselfde kommentaar as dié wat Vosloo gebruik het, by die bespreking van Matt. 19: 13 – 15: “*The fact that the Lord regarded these little ones as being already ‘in’ the kingdom, as being even now members of his church, must not escape our attention. He definitely did not view them as ‘little heathen,’ who were living outside of the realm of salvation until by an act of their own they would ‘join the church.’ He regarded them as ‘holy seed’ (see I Cor. 7:14) ... they were brought to Jesus that he might bless them. This he did, in line with all the assurances of divine favor for believers and their seed (Gen. 17:7, 12; Ps. 103:17; 105:6-10; Isa. 59:21; Acts 2:38, 39, to mention only a few). In the work of salvation, it is always God who is first, never man. See John 3:3, 5; 6:37; I John 4:19... On the basis of such passages as Matt. 19:13-15 ... to which add Acts 16:15, 33; I Cor. 1:16; Col. 2:11, 12 – the belief that since the little children of believers belong to God’s church and to his covenant, baptism, the sign and seal of such belonging, should not be withheld from them, must be regarded as well-founded... The objection might be advanced, ‘How was it possible for Jesus to say even now that these sucklings were already Citizens of his kingdom, heirs of salvation? Did he not know that at least some of them might in later year turn their backs upon him? Why this distinctly positive approach?’ The answer is that, as is plainly indicated in many of the references given on pp. 720,721, the Lord as a rule gathers his church from the circle of believing parents and their children (verdonkering deur ATLAS).”*

Die wyse waarop ds. Vosloo te werk gaan, is onbehoorlik en onwetenskaplik. Om 'n outeur so selektief aan te haal en te laat buikspreek om 'n bepaalde standpunt te steun, is onwetenskaplik en ongeoorloof – trouens, 'n wanvoorstelling. Ongelukkig is die stuk van ds. Vosloo deurspek met hierdie soort wanvoorstellings. Hy maak verwysings na en gee aanhalings van teoloë soos proff. Willie Jonker, J. L. de Villiers en bekende (Nederlandse) gereformeerde teoloë soos proff. H. Ridderbos, S. Greijdanus, F. W. Grosheide, F. J. Pop en G. C. Berkouwer op 'n wyse wat by die oningeligte die indruk mag wek dat hulle steun aan sy (ds. Vosloo se) standpunt verleen.

Nadat hy met al bogenoemde tekste – metodologies op dieselfde wyse – gehandel het, kom hy tot die volgende gevolgtrekking: “Wanneer ons dus kyk na die Skrif se spreke oor die plek van geloof by die doop, dan sien ons dat die een is onlosmaaklik van die ander. Die gebruik van Abraham as voorbeeld deur Paulus in Romeine 4 en Galasiërs 3 is basies om te sê dat jou redding afhanklik is van geloof. Omdat daar persone was wat die argument wou gebruik dat Abraham deur werke gered is – en hy menige se geestelike “held” was – vind Paulus dit nodig om daarop te wys dat redding, ook in die geval van Abraham se redding, *nét* geskied het op grond van sy geloof. **Die saak waarom dit hier**

primer vir Paulus gaan, is die wyse waarop Abraham 'n kind van God – deel van God se ewige familie – geword het. Abraham word ook die Nuwe Testamentiese gelowige se 'pa' – eers – en indien eers – *as jy glo soos hy geglo het.* Dis eers “...as julle aan Christus behoort...” (1983 vertaling van Gal.3:29) dat jy deel word van God se 'huisgesin'. Die **voorwaarde tot kindskap van God/om 'n “nakomeling van Abraham” te wees, is jou persoonlike geloof in Christus** (Sien Gal.3:7,9,11,22,24 en 26).”

Elders stel hy: “*Die oproep om in Christus te glo/ jou tot Hom te bekeer word in die Skrif onlosmaaklik gekoppel aan die opdrag om jou te laat doop.*” En op nog 'n ander plek: “*Ja, alles word deur Hom geïnisieer en bewerk, maar tog betrek Hy ons op 'n wonderbaarlike en onverstaanbare wyse in die waarmaak van al sy beloftes aan ons.*”

Uit ds. Vosloo se gevolgtrekking en standpunte wat by herhaling in sy stuk stel, is dit duidelik dat hy 'n Arminiaanse en sinergistiese kyk op die verlossingsleer nahou. Wanneer hy skrywe dat “jou redding afhanklik is van geloof” en die “voorwaarde tot kindskap van God” word die mens se daad van geloof (*fides quae creditur*), die mens se persoonlike verantwoordelikheid, 'n bydrae wat die mens (moet) lewer tot sy verlossing. Natuurlik móét 'n mens glo, maar dit is nie die daad van geloof wat red nie. Christus alleen red en in Hom glo (*fides qua creditur*) ons en Hy red ons. Vir Gereformeerdes is die geloof leeg, 'n leë emmer waarin God sy genade kan stort (Calvyn). Geloof word by ds. Vosloo tot iets verdienstelik omgedraai in plaas daarvan dat dit die verdienste van Christus omhels. Alles word oor die boeg van die menslike verantwoordelikheid, bekering en geloof gegooi. Die ruimheid, die omvattende aard van God se genade word nie reg verstaan nie. Op die lange duur moet dit tot 'n verskraling van die Bybelse boodskap van Gods vrye guns lei.

Geen ander gevolgtrekking kan gemaak word nie, as dat Vosloo vanuit 'n ander, vreemde teologiese paradigma, een van verdienstelikheid verhef word. Wie die aard van die genade van God nie verstaan nie, sal nie net die ganse Christelike teologie verkeerd verstaan nie, maar sal die kerk tot in die praktyk van die bediening toe verkeerd verstaan. God se genade is God se onverdiende en onverdienbare goedheid en guns wat Hy uit louter barmhartigheid en liefde aan mense skenk. Daarom dat die apostel Paulus in die Efese-brief daarvoor juig en aan die gemeente verkondig: “God, ryk in barmhartigheid, het ons toe ons dood was deur die oortredinge, op grond van sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het, saam lewend gemaak in Christus – deur genade is ons verlos! Ja, God het ons in Christus Jesus saam opgewek en saam laat sit in die hemel, sodat Hy in die tye wat voorlê bewys kan lewer van die alles-oortreffende rykdom van sy genade deur sy goedheid aan ons in Christus Jesus. Want uit genade is ons verlos, deur geloof. En dit (geloof) kom nie uit onself nie, dit is die gawe van God. Dit kom nie uit eie werke nie, sodat niemand kan roem nie. “

Die geloof wat ons bely is die gawe van God wat die Gees van Christus in ons mense se harte, gemoedere en gedagtes werk wanneer Hy ons verseker van God se liefde, genade en trou. Al aandeel wat ons mense aan hierdie Goddelike genadewerk kan hê, is om slegs in verwondering dankbaarheid daarvoor te juig. Geloof is geen menslike deelname aan en voorwaarde vir die ontvangs van die lewe in Christus nie, maar slegs die dankbare erkenning en lofbetuiging oor God se goedheid as gevolg van sy genade en trou.

Om die werklikheid en werking van sy genade en trou in ons lewens te bevestig het God deur Christus aan sy kerk die tekens van die doop en die nagmaal, wat mekaar aanvul, gegee. Die doop is die eenmalige en onherhaalbare versekering van God se trou en daarom die sakrament van die genadige inlywing in die Liggaam van Christus. Die nagmaal is die herhalende versekering van God se blywende genade om ons verbondenheid aan Christus telkens te herinner en te bevestig.

Behalwe vir die bogenoemde reaksies op die inhoud van Ds Vosloo se skrywe, wil ATLAS ook graag die volgende onderstreep, ook aan lidmate wat met vrae worstel rondom die kinderdoop en belydenisdoop:

Eerstens: Die kerk is hartseer oor die aanhoudende en voortdurende misverstand oor die sakrament van die doop wat telkens lidmate en voorgangers van die kerk verwar en ontwrigting in gemeentes veroorsaak. Die dokument, uitgangspunte en versoek van ds. Vosloo is vir ons ongelukkig net nog 'n voorbeeld hiervan.

Tweedens: Wie die aard van die genade van God nie verstaan nie, sal nie net die ganse Christelike teologie verkeerd verstaan nie, maar sal die kerk tot in die praktyk van die bediening toe verkeerd verstaan. God se genade is God se onverdiende en onverdienbare goedheid en guns wat Hy uit louter barmhartigheid en liefde aan mense skenk. Daarom dat die apostel Paulus in die Efese-brief

daaroor juig en aan die gemeente verkondig: “God, ryk in barmhartigheid, het ons toe ons dood was deur die oortredinge, op grond van sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het, saam lewend gemaak in Christus – deur genade is ons verlos! Ja, God het ons in Christus Jesus saam opgewek en saam laat sit in die hemel, sodat Hy in die tye wat voorlê bewys kan lewer van die alles-oortreffende rykdom van sy genade deur sy goedheid aan ons in Christus Jesus. Want uit genade is ons verlos, deur geloof. En dit (geloof) kom nie uit onself nie, dit is die gawe van God. Dit kom nie uit eie werke nie, sodat niemand kan roem nie. “

Derdens: Die geloof wat ons bely is die gawe van God wat die Gees van Christus in ons mense se harte, gemoedere en gedagtes werk wanneer Hy ons verseker van God se liefde, genade en trou. Al aandeel wat ons mense aan hierdie Goddelike genadewerk kan hê, is om slegs in verwonderende dankbaarheid daarvoor te juig. Geloof is geen menslike deelname aan en voorwaarde vir die ontvangs van die lewe in Christus nie, maar slegs die dankbare erkenning en lofbetuiging oor God se goedheid as gevolg van sy genade en trou.

Vierdens: Om die werklikheid en werking van sy genade en trou in ons lewens te bevestig het God deur Christus aan sy kerk die heilige tekens van die doop en die nagmaal, wat mekaar aanvul, gegee. Die doop is die eenmalige en onherhaalbare versekering van God se trou en daarom die sakrament van die genadige inlywing in die Liggaam van Christus. Die nagmaal is die herhalende versekering van die inlywing in God se genade om ons verbondenheid aan Christus telkens te herinner en te bevestig.

ATLAS herinner sinodegangers ook graag aan die *Brief aan doopouers* van prof. Willie Jonker. Dit is by Bybel-Media te koop. ‘n Vroeë uitgawe is gratis af te laai by www.williejonker.co.za. (“Hierdie brief is spesiaal gerig aan doopouers, om hulle te help om beter kan verstaan wat by die doop gebeur. Neem, lees sodat die doop van jul kindjie julle met vreugde teenoor God kan vervul, en julle dankbaarheid teenoor Hom laat toeneem.”)

10. EIETYDSE BELYDENISSKRIF – RING VAN BOSHOFF

Die Algemene Sinode van 2015 het ‘n beskrywingspunt van die Ring van Boshoff na ATLAS verwys met verslag aan die volgende Algemene Sinode (Notule Dag 5 pt 12). Die Ring van Boshoff het die Algemene Sinode gevra om “een eietydse Belydenisskrif vir die NG Kerk” op te stel waarin “die Bybelse en geloofswaarhede van die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Belydenis van Belhar volledig in eietydse taal vervat is”. Die Ring se motivering was soos volg: “Nadat ons die streeksbyeenkomste wat deur die Moderamen in die Vrystaat gereël is, bygewoon het en kennis geneem het van die verskillende standpunte daar rondom, het ons duidelik tot die oortuiging gekom dat een eietydse belydenisskrif vir die NG Kerk en ook vir die NG Kerkfamilie dringend noodsaaklik is en wel om die volgende redes: **i.** Die huidige 3 Formuliere van Eenheid, nl die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis praat nie die eietydse geloofstaal van die tyd waarin ons vandag leef nie. Die inhoud is wel Bybels korrek, maar kan saamgevoeg word in ‘n vorm en taal waarmee lidmate van vandag (veral jonger mense) hulleself kan vereenselwig. **ii.** Van verskeie kante al is daar ook kritiek van binne en buite die kerk op sekere formuleringe in die 3 Formuliere van Eenheid en ook die gebruik van sekere Skriftekste om sekere geloofstandpunte te bevestig. Met die hermeneutiese Skrifverstaan van vandag is daar ‘n aantal teksverwysings wat onvanpas is. Ds Jan Lubbe het ook kortliks daarna verwys tydens die gesprek oor die Belydenis van Belhar met die streeksbyeenkomste in Maart 2013. **iii.** Met die Belydenis van Belhar is daar tans soveel verdeeldheid in die NG Kerk oor of dit werklik as ‘n vierde Belydenisskrif aanvaar kan word. Die moontlikheid van kerkskeuring wat ons tog ten alle koste wil vermy, is as gevolg van die Belydenis van Belhar nie uitgesluit nie. Die meeste lidmate en ampsdraers het vrede met die inhoud van die Belydenis van Belhar en sou hierdie getuienis graag in so ‘n nuwe eietydse belydenis deel van ons belydenis en getuienis teenoor die wêreld wou sien, maar dan nie as ‘n losstaande vierde belydenisskrif nie. Ook die blote gedagte wat al deur die Algemene Sinode geopper is, naamlik dat die Belydenis van Belhar ‘n opsionele belydenisskrif kan word, hou nie stand nie. Hoe kan ‘n belydenisskrif wat veronderstel is om kerngeloofswaarhede te bevat, opsioneel wees? Hoe kan sommige lidmate dit aanvaar en ander nie? Wat word dan van die eenheid van die kerk? Sou een nuwe eietydse belydenisskrif waarin al hierdie Bybelse en geloofswaarhede in eietydse taal vervat is, nie ook binne die breër NG Kerkfamilie groter eenheid bewerkstellig nie en ook na buite ‘n eendragtige getuienis in ons land en die wêreld wees nie? Indien dit nie vir die VGKSA aanvaarbaar sou wees nie en hulle sou aandring op die

aanvaarding van die Belydenis van Belhar as belydenisskrif, sou 'n mens dan dadelik bedenkinge kon hê oor die suiwerheid van hulle motiewe.

iv. So 'n Belydenisskrif sal van groot waarde wees by kategetiese onderrig.”

ATLAS het die versoek van die Ring van Boshoff deeglik bespreek. ATLAS is oortuig dat dit nie aanvaar kan word nie, aangesien dit teen die aard van die gereformeerde teologie is om 'n Belydenisskrif op hierdie manier te ontwikkel. 'n Belydenisskrif word gebore in spesifieke sosiale en historiese omstandighede, in 'n buitengewone oomblik (*status confessionis*), om verheldering en onderskeiding te bring ten opsigte van die wesenlike betekenis van die evangelie. Die (geldige) behoeftes wat die Ring van Boshoff uitspreek i.v.m. eietydse of verstaanbare taal, word ondervang deur dokumente soos die Apostolicum en die gepaardgaande “Sewe week reis” en “So Glo Ons”, wat 'n eietydse verstaan van ons belydenis probeer bied.

11. DIE SAMESTELLING VAN ATLAS

ATLAS het verskillende opsies vir die samestelling van die taakspan bespreek. Ons het veral gedink oor kundigheid, kontinuïteit en diversiteit. Ons kan nie voortgaan soos tans waar lede almal ouer mans is nie. Jonger persone en vroue moet betrek word. Die teologiese dissiplinegroepe van Ou- en Nuwe Testament en Sistematiese Teologie moet ook verteenwoordig word. 'n Middeweg moet verkieslik gevind word tussen sinodale verteenwoordiging en die deelname van kundige persone. Sinodale verteenwoordiging moet verkieslik behou word ter wille van vertroue en die stimulering van leer-en aktuele sake werksaamhede in die sinodale gebiede.

'n Kerntaakspan van 3 tot 4 persone plus die skriba kan mense betrek in werkgroepe uit 'n poel van kundige teoloë en lidmate volgens die behoeftes wat deur onderwerpe na vore kom en onderwerpe verwys na sinodale taakspanne vir leer- en aktuele sake waar kundigheid oor en entoesiasme vir hierdie onderwerpe bestaan. Die kerntaakspan stel jaarliks 'n verslag op van die werk wat in die verskillende werkgroepe en in sinodale taakspanne gedoen is. Die ATLAS jaarvergadering, waar die verslag van die kerntaakspan behandel word, word bygewoon deur sinodale verteenwoordigers. Balans ten opsigte van geslag en ouderdom word voor die ATLAS jaarvergadering deur koöptering bewerkstellig.